

7 Julie

Ons huwelikslewe bepaal die toestand van die kerk

Skrifgedeelte: Maleagi 2:10-16

As die kerk voeling met die lewende God verloor, vra mense, soos in Maleagi se tyd: Waarom neem die Here nie ons offers aan nie? Waarom verhoor Hy nie meer ons gebede nie? Maleagi antwoord: "Omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is ..."

Die Here se kerk bestaan uit huweliksmaats en uit gesinne. Hoe lyk ons huwelikslewe? Die Here sê in beide verse 15 en 16: "Beheers julle, moenie ontrou wees nie." Hy het met sy volk 'n verbond gesluit. Hy verwag liefde en trou, want Hy géé liefde en trou ...

As ons huwelike onstabiel en liefdeloos is, tas ons God se eer aan. 'n Gelowige en ongelowige mag nie trou nie (vgl. Mal 2:11, 12; 1 Kor 6:14). God bou aan sy nageslag. Hy wil huwelike en gesinne hê wat Hom eer en aan Hom gehoorsaam is. In Efesiërs 5:21 en volgende wys Paulus daarop dat ons huwelike 'n toonbeeld van die verhouding tussen die Here en sy kerk is. 'n Huwelik wat aan liefde en trou mank gaan, maak 'n bespotting van Christus en sy kerk. Die kerk waarvoor Hy sy lewe afgelê het.

Die apostel Petrus sê in 1 Petrus 3:1-7 dat die verhouding tussen man en vrou op die Skrif gegrond moet wees, want ... "Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."

Sing: Psalm 128:1, 2

Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)